



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

**PRICE (GST included) 30c PRYS (AVB ingesluit)
ABROAD 40c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY**

VOL. 216

CAPE TOWN, 22 JUNE 1983

No. 8773

KAAPSTAD, 22 JUNIE 1983

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1326.

22 June 1983

No. 1326.

22 Junie 1983

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 82 of 1983: Fund-raising Amendment Act, 1983.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 82 van 1983: Wysigingswet op Fondsinsameling, 1983.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrapings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Fondsinsameling, 1978, ten einde 'n fonds in te stel vir die verlening van hulp aan slagoffers, en die afhanklikes van slagoffers, van daade van terreur.

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 15 Junie 1983.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 16 van die Wet op Fondsinsameling, 1978 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel 5 vervang:

Vervanging van artikel 16 van Wet 107 van 1978.

„Instelling van Rampnoodlenigingsfonds, Suid-Afrikaanse Weermagfonds, Vluchtelingen-noodlenigingsfonds en Staatspresidentsfonds.

16. Daar word hierby ingestel—

(a) 'n fonds met die naam die Rampnoodlenigingsfonds;

(b) 'n fonds met die naam die Suid-Afrikaanse Weermagfonds; **[en]**

(c) 'n fonds met die naam die Vluchtelingen-noodlenigingsfonds; en

(d) 'n fonds met die naam die Staatspresidentsfonds.’’

2. Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by te voeg:

Wysiging van artikel 18 van Wet 107 van 1978, soos gewysig by artikel 4 van Wet 41 van 1980 en artikel 1 van Wet 19 van 1981.

„(d) die raad van die Staatspresidentsfonds is om, met behoorlike inagneming van die geldelike toestand van bedoelde Fonds en die vereistes van elke geval, die hulp wat die raad billik en redelik ag, te verleen aan—

(i) die slagoffers van enige daad van terreur ten opsigte van hul mediese behandeling en rehabilitasie;

(ii) daardie slagoffers en hul afhanklikes wat geldelike ontbering ondervind of geldelike nood ly wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur enige daad van terreur.’’

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Fondsinsameling, 1983. Kort titel.